


Y-DNS-PROJEK



Barkhuizen, Barkhuysen, Barkhuisen, Barkenhuizen en Van Barkenhuizen

Vyftien mans met die vanne, Barkhuizen, Barkhuysen, Barkhuisen, Barkenhuizen en Van Barkenhuizen het aan 'n Y-DNS-chromosoom studie deelgeneem. Dit is gedoen onder leiding van Christoff Erasmus van die departement Genetika aan die Universiteit van Pretoria as deel van sy doktorsale studie.

PROEFGROEP: Slegs mans kon deelneem omdat dit oor die YDNS (manlike chromosoom) gegaan het. Ek het 20 deelnemers gekies wat mooi eweredig en wyd oor die stamboom versprei is. (sien die tweede kolom in die tabel). Ek het ook probeer om 'n verteenwoordiger van elke spelwyse van die familienaam te kies. Ek het doelbewus deelnemers gekies wat nie aangename kinders is of wat weet dat een van sy voorvaders aangeneem is nie. Ek kon ook nie 'n Barkhuizen uit die Kleurling groep opspoor wat kon deelneem nie. Uiteindelik het vyf mans se speekselmonster nie by Christoff Erasmus uitgekom nie en twee se uitslae is nog uitstaande. Ter wille van etiese oorwegings het ek met deelnemers ooreengekom om die uitslae te gebruik maar nie name daaraan te koppel nie.

DOELWITTE: Die belangrikste doelwitte van die studie vir my as familienavorser was:

- om te bepaal by watter haplogroep die YDNS struktuur inpas sodat ons kan sien of die stamvader wel -soos dokumente aandui – van Duitsland afkomstig is,
- of die verskillende spelwyses van die familienaam ook almal geneties verwant is aan mekaar en
- of al die deelnemende mans geneties van een stamvader afstam en of daar tot dusver onbekende nie-vaderskap takke voorkom.

VERDUIDELIKING VAN TERMINOLOGIE:

Die Y-chromosoom word identies, of byna identies, vir geslag na geslag (100e geslagte) van pa na seun oorgedra. Die navorser het 17 merkers (STR) gekies waarvan die aantal herhalings bepaal is. Hierdie 17 STR merkers word internasionaal as standaard gebruik om die haplogroep te identifiseer. 'n Haplogroep is 'n YDNA-genetiese groep wat 'n kombinasie van sekere merkers vertoon en dus van dieselfde voorvader (duisende jare gelede) afstam.

Hierdie STR merkers is 'n klein stukkie DNS wat oor en oor herhaal word en die aantal herhalings verskil van persoon tot persoon. Op grond van die plek waar hierdie stukkie DNA voorkom kry elkeen 'n naam en elkeen het 'n unieke reeks van herhalings. Bv. DYS 385a het 'n herhalingsreeks van tussen 6 en 28 keer. Jy sal sien in die Barkhuizen YDNA struktuur word DYS 385a 14 keer herhaal. Die kombinasie van die hoeveelheid herhalings van elke merker gee aan elke familie sy unieke profiel. Hierdie profiel word dan gebruik om die verwantskap van manlike familieledede te bepaal. Net om te wys hoe verskil families het ek Ferdie Jansen se profiel van 10 merkers ook in die tabel ingesluit.

Hierdie kombinasie van merkers word van pa na seun oorgedra. Maar die proses is ook nie perfek nie en so elke paar geslagte vind 'n natuurlike proses van klein mutasies van die aantal merkers plaas. Hierdie verandering word dan weer net so van die pa na seun oorgedra.

Die resultate is soos volg:



1. Tabel met die uitslae:

Familie	TAK FAMILIE	Kode	DYS 19	DYS 385a	DYS 385b	DYS 389I	DYS 389c	DYS 390	DYS 391	DYS 392	DYS 393	DYS 437	DYS 438	DYS 439	DYS 448	DYS 456	DYS 458	DYS 635	GATA-H4	Mt DNA
Barkhuizen	b4c3d3	AFR 097	14	11	15	13	16	23	11	13	13	15	12	12	19	17	16	24	11	T2b3
Barkhuizen	b4c3d7	AFR 098	14	11	15	13	16	24	11	13	13	15	12	12	19	17	16	23	11	T2b
Barkhuysen	b2c10d6	AFR 094	14	11	15	13	16	24	11	13	13	15	12	12	19	17	16	23	11	M7c3c
van Barkenhuizen	b4c1d3	AFR 096	14	11	15	13	16	24	11	13	13	15	12	12	19	17	16	23	11	H3
Barkhuizen	b4c5d6	AFR 152	14	11	15	13	16	24	11	13	13	15	12	12	19	17	16	23	11	J2b1a
Barkhuizen	b2c2d3	AFR 091	14	11	15	13	16	24	11	13	13	15	12	12	19	17	16	23	11	U2e1
Barkhuysen	b4c3d6	AFR 163	14	11	15	13	16	24	11	13	13	15	12	12	19	17	16	23	11	K1a26
Barkhuizen	b2c2d9	AFR	Uitslae nog nie beskikbaar																	
Barkhuysen	b1c2d7	AFR	Uitslae nog nie beskikbaar																	
Barkhuizen	b4c3d6	AFR 155	14	11	15	13	16	24	11	13	13	15	12	12	19	17	16	23	11	L0a1a1
Barkhuysen	b2c9d3	AFR 093	14	11	15	13	16	24	11	14	13	15	12	12	19	17	16	23	11	T2b3
Barkhuysen	b1c2d3	AFR 089	14	11	15	13	16	24	11	13	13	15	12	12	19	17	16	23	11	L1c1d
Barkhuizen	b4c9d9	AFR 101	14	11	15	13	16	24	11	13	13	15	12	12	19	17	16	23	11	H1e1a4
Barkenhuizen	b4c1d3	AFR 095	14	11	15	13	16	24	11	13	13	15	12	12	19	17	16	23	11	H3
Barkhuizen	b4c3d1	AFR 090	14	11	15	13	16	24	11	13	13	15	12	12	19	17	16	23	11	U5a1
Barkhuizen	b9	Ongelukkig nie die monster teruggestuur nie.																		
Barkhuizen	b9	Ongelukkig nie die monster teruggestuur nie.																		
JANSEN			14	13	14	12		22		11	13	16	10	11						

2. Die tipiese Barkhuizen Y-chromosoom samestelling val in die R1b haplogroep.

Die haplogroep R1b is die mees algemene Y-chromosoom haplogroep in Wes-Europa en dele van sentrale Eurasië. Op die meegaande kaart kan die moontlike migrasie van die R- haplogroep vanaf Afrika, deur Rusland na Europa gesien word. Tsaar Nicholas is 'n bekende persoon wat ook aan die R1b groep behoort

Die oorsprong van die R1b groep is nog onduidelik. Die aanduidings uit DNS analise is dat R1b vanaf die steppe gebied noord van die Swart See tydens die bronstydperk na Europa beweeg het (waarskynlik Europa ingeval het). Perde en metaal wapens het hulle 'n voorsprong gegee bo die Neolitiese boere in Europa van daardie tyd. Daarom is die oudste YDNA in Europa grootliks vervang met die R1b en R1a groepe Indo-Europese sprekers uit die steppegebied. (Indo-Europees verwys na verwante tale)




By Kromsdorf in Duitsland is 'n grafte uit die Neolitiese tydperk (2000 -2800 jaar gelede) bestudeer. Twee mans wat aan die R1b groep behoort is gekry.

3. Die merker U106 (ook genoem S21) vir die R1b: subgroep - R1b1a2a1a1a

Volgens Christoff Erasmus het verdere ontleding van die outosomale DNS gewys dat die Barkhuizen- DNS ook die merker U106 of S21 het. Hierdie merker plaas ons in die sub-haplogroep wat in groot konsentrasies in Nederland en Noord-Duitsland voorkom - R1b1a2a1a1a. Hierdie merker is die groot onderskeid tussen die Germaanse R1b en die R1b wat in Italië en die sg. Keltiese groepe (Ierland) voorkom.

Die volgende kaart wys die huidige voorkoms van merker U106/S21 in die haplogroep R1b. Die kaart en ander detail inligting is op die webblad http://www.eupedia.com/europe/Haplogroup_R1b_Y-DNA.shtml#S21-U106 te sien.



Die groot voorkoms van U106 in Brittanje, Frankryk en België is waarskynlik vanweë groot Germaanse migrasies in die 5e en 6e eeu.

Op die webblad www.yhrd.org, is daar ook tans ten minste een persoon in Duitsland met presies dieselfde profiel as ons stamvader (waarskynlik 'n Barckhausen wat getoets is).

Uit al bogenoemde inligting lyk dit of die genetica die papierspoor bevestig dat die stamvader, Johann Nicolaus Wilhelm Barckhausen, uit Duitsland kom.

4. Alle spelvariasies stam van dieselfde voorvader af. Een van my doelwitte was om te bepaal of al die verskillende spelwyses van die familienaam van dieselfde voorvader afstam. Die YDNA struktuur van al die verskillende spelwyses is identies en daarom is Barkhuizen, Barkhuysen, Barkhuisen, Barkenhuizen en Van Barkenhuizen bloot spelvariasies en beslis nie afsonderlike families met aparte stamvaders nie.

5. Alle takke is verwant. Dertens is dit op hierdie stadium duidelik dat al die deelnemers en die verskillende takke (b9 -Piesang rivier is nie getoets is nie) stam van dieselfde mees onlangse voorvader af. Die Kammanassie- Barkhuizens en die Vrystaatse Barkhuizens is byvoorbeeld beslis deel van een familie.

6. Daar is tans **geen nie-vaderskap gevalle** in die proefgroep nie. Alhoewel die mutasies by twee deelnemers wel op nie-vaderskap kan dui is die waarskynlikheid baie klein. (Die onbekende vader moes dus 'n byna identiese YDNS struktuur as die Barkhausen stamvader gehad het).

Ons weet dat daar tans heelwat bekende en aangetekende gevalle van aannemings, buite-egtelike kinders en familienaamveranderings onder Barkhuizens is. Daar kan egter gevalle wees (veral lank gelede) waarvan ons nie weet nie. Oorloë en epidemies veroorsaak weeskinders, daar is aannemings, moeders sterf met geboorte van 'n kind en daarom is kinders maklik van een familie aan 'n ander gegee en latere geslagte weet nie daarvan nie. Daar is dus alreeds binne die Barkhuysen clan verskeie nuwe genetiese takke. MAAR soos ek al baie gesê het: "almal wat met die familie wil assosieer is en bly trots deel van die Barkie-familie".

7. Ten slotte wys die nageslag van stamvader Jan Willem Barkhuysen reeds **klein mutasies**. (sien AFR 097 en AFR 093) Ons weet nie wanneer die mutasies plaasgevind het nie. Die waarde van mutasies is dat subgroepe binne die groter Barkhausen clan onderskei kan word omdat hierdie mutasies weer na die nageslag van die betrokke individue oorgedra word.

Die pad vorentoe:

Ek sal graag meer Barkie-mans by 'n YDNS projek betrokke wil maak. (ongelukkig gaan dit hierdie keer nie gratis wees nie). Dalk is daar ook aangenome familie wat wil bepaal by watter familie hulle geneties hoort.

Dit sal interessant wees om te sien hoeveel verskillende genetiese stamme daar in die Barkhuizen-clan is. Met ander woorde mans wat die Barkie familienaam dra maar geneties aan ander families behoort.

Ek wil die Duitse, Nederlandse, Franse en Amerikaanse Barkhausen mans oorreed om ook YDNS toetse te laat doen. Hulle behoort almal dieselfde YDNS struktuur as ons Suid-Afrikaanse stam te hê.

MOEDERILKE DNS. Mitochondriële DNS (Mt DNS) – dit is die DNS wat jy (seuns en dogters) van jou ma se ma se ma.... oorerf -moet beter ondersoek word.

'n Mens moet onthou dat elke Barkie man wat deelgeneem het 'n ander MtDNS sal hê. Op die tabel sal jy sien dat die haplogroepe wat elke deelnemer van moederskant kry in die laaste kolom aangedui word. Ek kon my eie voormoeder (my ma se ma se ma) terugspoor tot 'n Nederlandse vrou, Jacoba Brandenburg, wat in die 1600's in die Kaap aangekom het. Dit stem heeltemal ooreen met my Mt DNS (sien nr AFR 097)

wat die haplogroep as T2b3 aandui en wat 'n baie tipiese Nederlandse haplogroep is. Ek is nou opsoek na mans en vrouens in SA wat ook T2b3 is, om die papierspoor te soek wat wys ons stam van dieselfde vrou af.

Christoff Erasmus is nog besig met die ontleding van sy resultate en as daar nuwe inligting beskikbaar word sal ek laat weet.

Dankie aan al die deelnemers en aan Christoff wat bereid was om ons in te sluit by die navorsing.